# Hiernamaals

wat sê die Bybel?

## 12: DIE HEMEL

1

| | | | |
|---|---|---|---|
| **323: Sagaria het twee kieries gebreek. Wat was die naam van die eerste?** | | | |
| Vriendelikheid | Vrede | Vereniging | Liefde |
| **324: Vrouerigter wat in die boek Rigters genoem word:** | | | |
| Debora | Jael | Miriam | Rut |
| **325: Wie het gesê dat daar geen einde is aan die maak van boeke nie?** | | | |
| Salomo | Hiskia | Agur | Dawid |
| **326: Is mense wat onrein was as hulle aan 'n lyk geraak het toegelaat om die Paasfees te vier?** | | | |
| Ja | Nee | Net as die priester hulle gereinig het | Net as hulle eers 'n sondoffer gebring het |
| | | | |
| **327: Watter van die spioene wat Kanaän bespied het, het die volk aangemoedig?** | | | |
| Kaleb | Palti | Sammua | Igal |
| **328: Jesus het sy skoonmoeder genees** | | | |
| Johannes | Jakobus | Kajafas | Petrus |
| **329: Hy gee toestemming dat Jesus se graf beveilig word** | | | |
| Pilatus | Petrus | Annas | Kajafas |

2

| | | | |
|---|---|---|---|
| **323: Sagaria het twee kieries gebreek. Wat was die naam van die eerste?** | | | |
| A: Sagaria 11:7 | Vrede | Vereniging | Liefde |
| **324: Vrouerigter wat in die boek Rigters genoem word:** | | | |
| A: Rigters 4 | Jael | Miriam | Rut |
| **325: Wie het gesê dat daar geen einde is aan die maak van boeke nie?** | | | |
| A: Prediker 12:12 | Hiskia | Agur | Dawid |
| **326: Is mense wat onrein was as hulle aan 'n lyk geraak het toegelaat om die Paasfees te vier?** | | | |
| A: Numeri 9:10 | Nee | Net as die priester hulle gereinig het | Net as hulle eers 'n sondoffer gebring het |
| **327: Watter van die spioene wat Kanaän bespied het, het die volk aangemoedig?** | | | |
| A: Numeri 13:30 | Palti | Sammua | Igal |
| **328: Jesus het sy skoonmoeder genees** | | | |
| Johannes | Jakobus | Kajafas | D: Matteus 8:14 |
| **329: Hy gee toestemming dat Jesus se graf beveilig word** | | | |
| A: Matteus 27:65 | Petrus | Annas | Kajafas |

3

1: Voorspel 2 Petrus 3:10 dat die aarde deur middel van 'n atoombom vernietig gaan word? Motiveer



10 Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom. En op dié dag sal die hemel met 'n groot gedruis verdwyn, die hemelliggame brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan.

11 Aangesien al hierdie dinge so aan hulle einde gaan kom, moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe. 12 Leef in verwagting dat die dag van God kom en beywer julle daarvoor, die dag waarop die hemel in vlamme sal vergaan en die hemelliggame sal brand en wegsmelt. 13 Maar ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers.

5 Toe sê Hy wat op die troon sit: "Kyk, Ek maak alles nuut." En daarna sê Hy: "Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar."

Die vloek van Genesis 3 verander in die seën van die herskepping

4

# Die ou wêreld wat vervloek is



5

# Die wêreld wat God nuut maak



6

## 2: Gaan ons hemel toe?

Matteus 5:5 Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.

Openbaring 21:2 En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos 'n bruid wat vir haar man versier is.



## 3: Waar gaan ons woon na die wederkoms?

Johannes 14:2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.

- *My* Vader. Hy wat sorg, bewaar, beskerm
- Ruim Genoeg. Niemand gaan vertrap nie
- By God: veilig. Geen diefwering
- Tuiste – Psalm 23:6 –Ek sal *tuis* wees....
- Jesus Christus, in sy liefde en vrede, skep die atmosfeer van liefde / vrede.
- Volmaakte God → volmaakte tuiste

## 4: Sal almal op die nuwe aarde woon (1 Johannes 2:2)?

1 Johannes 2:2 En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.

Oënskynlik lyk dit of Christus die hele wêreld versoen het

Maar...

Matteus 7:13, 14 Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.

Matteus 7:19 Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.

Matteus 7:23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!

Dus...

Versoening is groot genoeg, maar die getal wat versoen word, klein



## 5: Wat sal ons verhouding met die engele op die nuwe aarde wees?


Hebreers 1:13, 14 En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete? Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?

Is en bly diensknegte van God en God se kinders.

6: Wat moet ons glo om hemel toe te gaan?

**Efesiërs 2:8** Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;

Romeine 10:9, 10: As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.




7: Hoe weet ons dat die wederkoms, en daarom die hemel en die hel, werklik gaan plaasvind?

God sê in sy Woord so.
God lieg nie